



eduresourceza.com



INTERNASIONALE SEKONDÊRE SERTIFIKAAT-EKSAMEN
MEI 2023

REKENINGKUNDE: VRAESTEL II

NASIENRIGLYNE

Tyd: 2 uur

100 punte

Hierdie nasienriglyne is opgestel vir gebruik deur eksaminators en hulp-eksaminators van wie verwag word om almal 'n standaardiseringsvergadering by te woon om te verseker dat die riglyne konsekwent vertolk en toegepas word by die nasien van kandidate se skrifte.

Die IEB sal geen bespreking of korrespondensie oor enige nasienriglyne voer nie. Ons erken dat daar verskillende standpunte oor sommige aangeleenthede van beklemtoning of detail in die riglyne kan wees. Ons erken ook dat daar sonder die voordeel van die bywoning van 'n standaardiseringsvergadering verskillende vertolkings van die toepassing van die nasienriglyne kan wees.

VRAAG 1 BEGROTINGS**[36 MINUTE]**

Verwys na die inligting aangaande Royal Swazi Sun Hotel and Spa in die Inligtingsboekie.

Hierdie vraag bestaan uit twee dele, Deel A en Deel B. Hulle moet onafhanklik van mekaar beantwoord word.

Deel A

- 1.1 Verduidelik **TWEE** maniere waarop 'n kontantbegroting as 'n bestuurshulpmiddel gebruik kan word.

• Die bestuur kan dit vir die beplanning van hul kontantaankope gebruik om te sien wat hulle kan bekostig en in watter maand om aankope te doen.
• Dit vestig ook hul aandag op die noodsaaklikheid daarvan om uitgawes te besnoei of om 'n lening te verkry, meer kapitaal te belê of om 'n oortrekkings-fasiliteit aansoek te doen.
• Dui onreëlmathede/bedrog aan deur die werklike met die begrote bedrae te vergelyk.
• Dit word as 'n vorm van beheer gebruik om te sien of hul besteding en ontvangste volgens plan verloop en om die nodige veranderinge in die onderneming aan te bring.

- 1.2 Verduidelik op grond van die inligting wat gegee word waarom jy dink dat hulle vir so min hotelgaste begroot gedurende April 2023, wat die Paasvakansietyd insluit, maar hul begrote kos- en drankverkope neem toe gedurende dieselfde maand.

Rede vir so min gaste:
Vernaamste gaste is sakelui. Hulle werk nie gewoonlik oor die Paastyd nie.
Rede vir verhoogde kos- en drankverkope:
Die gaste wat daar is, is met vakansie en ontspan, en dit is meer waarskynlik dat hulle die hotelkroeg en restaurant sal besoek.

1.3 Voltooi die Krediteurebetaalrooster vir April 2023 en Mei 2023.

Maand	Krediet aankope R	April 2023 R	Mei 2023 R
Februarie 2023	60 400*	12 080	–
Maart 2023	66 000	50 688*	13 200*
April 2023	92 500*	–	71 040*

Berekeninge vir Februarie 2023

$$12\,080 \times 100/20 \\ = R60\,400$$

Berekeninge vir Maart 2023

$$66\,000 \times 80\% \\ = 52\,800 \times 0,96 \\ = 50\,688$$

$$66\,000 \times 20\% \\ = 13\,200$$

Berekeninge vir April 2023

$$231\,250 \times 100/250 \\ = 92\,500$$

$$92\,500 \times 80\% \\ = 74\,000 \times 0,96 \\ = 71\,040 \text{ INDIEN } \times 80\% \times 0,96$$

1.4 Bereken die bedrae vir A–F in die kontantbegroting op bladsy iv van die Inligtingsboekie. Toon berekeninge sodat gedeeltelike punte toegeken kan word.

Antwoord	Berekening
A. 95 450	$1\,207\,500 - 1\,112\,050$
B. 128 850	$A + 33\,400$
C. 465 000	$930\,000 / 20 \times 10$ OF $697\,500/15 \times 10$
D. 161 875	$231\,250 \times 0,7$
E. 423 000	$592\,200 \times 100 / 140$
F. 456 840	$E \times 1,08$

- 1.5 Verskaf **EEN** praktiese **voorkomende** beheermaatreël wat hulle kan implementeer om hul gimnasiumtoerusting langer te laat hou.

Enige uitvoerbare maatreël

- Versien die toerusting gereeld, gereelde instandhouding.
- Verskaf instruksies sodat mense nie die toerusting misbruik nie.
- Laat 'n personeellid toesig hou tydens besige tye of met gereelde tussenposes inloer.
- Installeer kameras om te sien hoe gaste toerusting gebruik. Indien toerusting gebreek word, kan 'n mens na die beeldmateriaal kyk om te sien wie dit was en hulle daarvoor laat betaal.
- Plaas 'n ouderdomsbepanking op wie die toerusting mag gebruik.

- 1.6 Toe Lindokuhle, die bestuurder, by die gimnasium instap, ontdek sy drie mense wat nie betalende gaste by die hotel is nie wat die gimnasium gebruik.

Verskaf 'n oplossing vir hierdie probleem.

Enige uitvoerbare maatreël

- Wanneer jy by die hotel registreer, kry jy 'n kaart wat die gimnasiumdeur oopmaak.
- Maak seker toegang tot die gimnasium is nie moontlik van buite die hotel nie, maar slegs deur die area waar die gaste bly.

- 1.7 1.7.1 Identifiseer die **hoofrede** vir die tekort in April 2023.

Die lae getal besprekings (slegs een derde)

Verwys na 1.4 C. Indien kandidaat se antwoord minder as R320 000 is, aanvaar toename in kontantaankope van kos en drank hier.

- 1.7.2 Stel **TWEE** verskillende maniere voor waarop die hotel 'n inkomste in April kan genereer.

Enige twee uitvoerbare voorstelle × elk

- Hou promosies
- Werk saam met ondernemings soos wildsplase in die area vir kombinasiepakette
- Gee buitelidmaatskap van die gimnasium
- Laat dagbesoekers toe om die swembad te gebruik (toegangsgeld)
- Gebruik die restaurant om kliënte te lok

Deel B

1.8 Lindokuhle is vasbeslote om kragbesparende alternatiewe oor die volgende vyf jaar te implementeer.

1.8.1 Bereken die impak wat die drie kostebesparingsinisiatiewe op die elektrisiteits-uitgawe oor die volgende jaar sal hê indien dit geïmplementeer word.

Besparing as gevolg van LED-ligte $780\,000 \times 20\% = 156\,000 \times 75\% = 117\,000$
Besparing as gevolg van lugversorgingstermostate met bewegingsensors $780\,000 \times 15\% = 47\,000 \times 30\% = 35\,100$
Besparing as gevolg van sonkraggeisers $780\,000 \times 35\% = 273\,000$

1.8.2 Sal jy Lindokuhle op grond van jou bevindings hierbo adviseer om hierdie maatreëls te implementeer of nie? Motiveer jou keuse met 'n redenasie en berekening.

☒ Implementeer die maatreëls ☐ Moenie die maatreëls implementeer nie

Redenasie (met syfers/berekening):
Totale besparing uit 1.8.1: R425 100 1.8.1 $(117\,000 + 35\,100 + 273\,000)$
Totale koste om te implementeer: 977 500 $(235\,000 + 102\,500 + 640\,000)$
Inisiatief sal homself binne 2,3 jaar afbetaal $(977\,500 / 425\,100)$

VRAAG 2 MAATSKAPPYONTLEDING**[60 MINUTE]****Verwys na die inligting aangaande RFG Ltd in die Inligtingsboekie.**

- 2.1 RFG Ltd vertoon nie koste van verkope as deel van sy staat van omvattende inkomste nie. Verskaf die rede hiervoor en ondersteun jou antwoord deur uit die staat van omvattende inkomste aan te haal.

Dit is 'n vervaardigingsonderneming
Vertoon direkte vervaardigingskoste, vervaardigingsbedryfsuitgawes, verkoops- en verspreidingskoste

- 2.2 2.2.1 Bereken die bedryfsverhouding vir 2021.

2 511 : 1 400
1,79 : 1

- 2.2.2 Bereken die vuurproefverhouding vir 2021.

2 511 – 1 356	: 1 400	OF	1 109 + 46	: 1 400
1 155	: 1 400		1 155	: 1
0,83	: 1 L2E		0,83	: 1

- 2.2.3 Lewer kommentaar oor die aanvaarbaarheid van die verhoudings wat in vraag 2.2.1 en 2.2.2 bereken is sonder om na die verouderde norme van 2:1 en 1:1 onderskeidelik te verwys.

- Aanvaarbaar, want sal genoeg bedryfsbates hê om korttermyn-verpligtinge af te betaal; selfs sonder voorraad behoort daar voldoende kontant beskikbaar te wees.
- Voorraad maak min of meer die helfte van bedryfsbates uit, wat aanvaarbaar is.
- Aanvaarbaar, aangesien voedselmaatskappy nie te hoog moet wees nie.

- 2.3 Gebruik die finansiële aanwysers wat op bladsy ix van die Inligtingsboekie verskaf word en ontleed die **likiditeitsiklus** van die maatskappy krities deur **DRIE** relevante finansiële aanwysers aan te haal, te vergelyk en kommentaar te lewer.

Haal drie relevante finansiële aanwysers aan:
• Voorraad voorhande het van 99 dae tot 101 dae toegeneem
• Debiteure-invordering het van 42 tot 44 dae afgeneem
• Krediteurebetaling het van 59 tot 63 dae toegeneem

Vergelyking en ontleding van finansiële aanwysers:
Geld het van debiteure af ingekom 17 dae voordat krediteure betaal moes word, wat positiewe kontantvloei geskep het
Voorraad voorhande het krediteurebetaling met 40 dae oorskry, wat verhoed het dat daar nie voorraad is nie

Algemene kommentaar:
Oorkoepelend is die likiditeitsiklus konserwatief en in balans.

- 2.4 As aandeelhouer het jy gekies om in RFG Ltd eerder as in alternatiewe beleggings te belê.

Bereken of RFG Ltd 'n bevredigende opbrengs bied en verskaf redes waarom jy tevrede is met hierdie opbrengs of nie.

Bereken opbrengs: OOAB
$\frac{216}{0,5 (2\,752 + 2\,610 = 5\,362)} \times \frac{100}{1}$ $= \frac{216 \times 100}{2\,681 \times 1}$ $= 8,06\%$
Redes waarom opbrengs bevredigend is of nie:
Marginale daling van 8,49% in 2020
Hoër opbrengs in vergelyking met alternatiewe beleggings, bv. vaste deposito

- 2.5 RFG Ltd oorweeg die uitbreiding van sy Namibiese bedrywighede. R200 miljoen bykomende befondsing is nodig om dit 'n werklikheid te maak.

- 2.5.1 Bereken die skuld–ekwiteit-verhouding vir 2021.

$$\frac{966}{0,35} : \frac{2\,752}{1}$$

- 2.5.2 Bereken die gemiddelde opbrengs op kapitaal aangewend (OOKA) vir 2021.

$\frac{299 + 73 = 372}{0,5 [(5\,118 + 4\,897 = 10\,015) - (1\,400 + 1\,315 = 2\,715)]} \times \frac{100}{1}$ $\frac{372}{0,5 (7\,300)} \times 100 = \frac{372}{3\,650} \times 100 = 10,19\%$
OF
$\frac{299 + 73 = 372}{0,5 [(2\,752 + 2\,610 = 5\,362) + (966 + 972 = 1\,938)]} \times \frac{100}{1}$ $\frac{372}{0,5 (7\,300)} \times 100 = \frac{372}{3\,650} \times 100 = 10,19\%$

2.5.3 Indien ABSA aanbied om die R200 miljoen aan RFG Ltd te leen teen 12% p.j., moet hulle die aanbod aanvaar of eerder bykomende aandele uitreik? Gee 'n geldige verduideliking om jou antwoord te ondersteun.

☐

Aanvaar die lening

☐

Reik bykomende aandele uit

Ondersteunende verduideliking:

Reik aandele uit

Negatiewe (ongunstige) hefboomwerking. Opbrengs van 10% (sien 2.5.2) is laer as die rentekoers van 12%

Beskikbare fondse is nie tot volle potensiaal benut nie.

OF

Aanvaar lening

Uitreiking van meer aandele sal aandeelhouding verdun
Rentekoers is redelik

2.6 Bereken die dividende per aandeel (DPA) vir 2021.

Bereken die totale dividende op gewone aandele vir 2021:

NWVB

	299	OF		Aanwending	
IB	(83)		IB	83	Wins en verlies 299
NWNB	216		DGA	∴ 74	
Behoue Ink	(142) #		Behoue Ink	142	
DGA	∴ 74	Indien NWVB en Inkomstebelasting korrek is			

OF Rekonstruksie van aantekening oor behoue inkomste

Behoue Ink saldo (beg) 1 038

NWNB 216

∴ DGA (74)

Behoue Ink saldo (einde) 1 180

Berekening van dividende per aandeel:

$$\frac{74\,000\,000}{247\,422\,680} \times 100$$

= 29,91 sent per aandeel

- 2.7 By die AJV het die HFB gesê dat RFG Ltd **uitbreiding sal kan befonds en aandeelhoudersvertroue sal kan handhaaf.**

Haal syfers aan en bespreek dit om hierdie stelling te bewys.

VPA = 87,30 sent
DPA = 29,91 sent Sien 2.6
Maatskappy behou 57,39 sent per aandeel (65,7%) OF Slegs 34,3% van verdienste aan aandeelhouders uitgekeer
Selfs al is die dividende klein, het hulle nie al die wins behou nie, wat die aandeelhouders laat voel dat hul belegging die moeite werd was omdat hulle 'n opbrengs daarop ontvang het.

- 2.8 Bereken die netto batewaarde (NBW) per aandeel vir 2021.

$\frac{2\,753\,000\,000}{247\,422\,680}$ $= R11,13 \times 100 = 1\,113 \text{ sent}$
--

- 2.9 Ontevrede aandeelhouders wat "van hul aandele ontslae wou raak" het RFG Ltd gekontroneer. Die direksie het besluit dit is in die belang van beide partye en het die onderhandelinge gemagtig vir die maatskappy om die aandele by hierdie aandeelhouders terug te koop teen 94 sent meer as boekwaarde op 30 September 2021.

Verduidelik waarom dit 'n billike aanbod is. Gebruik syfers om jou antwoord te ondersteun.

NBW = 1 113 sent sien 2.8
Aandeelaanbod = 1 113 sent + 94 sent = 1 207 sent
Ken metodepunt toe vir bytel van 94 sent by antwoord in 2.8.
JSE-prys = 1 301 sent
Prys wat aangebied is, is gemiddelde tussen boekwaarde (NBW) en markwaarde (JSE) van aandele
$1\ 113 + 1\ 301 = 2\ 414 / 2 = 1\ 207$

2.10 'n Familielid het R20 000 vir jou 18^{de} verjaardag aan jou geskenk op voorwaarde dat jy hierdie geld in aandele belê tot jou 25^{ste} verjaardag.

Sal jy aandele in RFG Ltd koop?

☐

Ja

☐

Nee

Verduidelik jou keuse deur **VIER** aspekte uit te lig wat jy geïdentifiseer het terwyl jy hierdie maatskappy ontleed het.

Ja (Maks 4 × elk)

- Maatskappy is stabiel met baie min skommeling in finansiële aandele jaar op jaar
- Soliede solvensie
- Positiewe kontantvloei uit bedryfskapitaallikiditeitsiklus
- Debiteure betaal voor krediteure betaal word
- Stabiele OOAB
- Veilige opsie – maatskappy loop nie risiko's nie
- Betaal elke jaar dividende

OF

Nee (Maks 4 × elk)

- OOAB te laag – daar is ander maatskappye met baie hoër opbrengste
- Hulle betaal nie genoeg dividende nie – moet minder behou en meer betaal
- Hulle moet lenings verkry om uit te brei en meer geld te maak
- OOKA te laag – hulle moet hul fondse beter benut

VRAAG 3

VERSOENINGS

[24 MINUTE]

Verwys na die inligting aangaande Tsumeb Verpakking in die Inligtingsboekie.

Hierdie vraag bestaan uit twee dele, Deel A en Deel B. Hulle moet onafhanklik van mekaar beantwoord word.

Deel A: Krediteureversoening

- 3.1 Versoen die rekeningstaat met die krediteuregrootboek op 28 Februarie 2023 deur die tabel hieronder te voltooi.

Krediteureversoeningstaat		Krediteuregrootboek	
Debiet	Krediet	Debiet	Krediet
79 720			74 640
1 800			
	13 280		
		(3 600 + 2 800) 6 400	
	40 000	40 000	
	2 000	2 000	
MOENIE BALANSEER/OPTEL NIE			

- 3.2 Die eienaar wil weet hoe gou krediteure betaal word. Help Stephanie deur Tsumeb Verpakking se krediteurebetalingstydperk (in dae) te bereken.

$$\begin{aligned}
 &= 456\,000 \\
 &\frac{0,5 (200\,000 + 256\,000)}{1\,664\,400} \times 365 = \frac{228\,000}{1\,664\,400} \times 365 \\
 &50 \text{ dae}
 \end{aligned}$$

- 3.3 Verskaf die ouditbewys wat die eksterne ouditeur sal insamel om elkeen van die volgende transaksies te verifieer:

3.3.1 Die betaling van R40 000 wat op 28 Februarie 2023 gedoen is

Bewys van staat / Bankstaat L1E

3.3.2 Die toestaan van die korting op die betaling wat op 28 Februarie 2023 gedoen is

Rekeningstaat (vir Maart 2023) L1E

Deel B: Ouderdomsontleding van debiteure

- 3.4 Gebruik die debiteuregrootboekrekening van O. Delta om die ouderdomsontleding van debiteure op 31 Maart 2023 op te stel.

90 dae	60 dae	30 dae	Huidig
	17 500 (2 500) (15 000)	60 000 (15 000) (15 000)	52 500
MOENIE OPTEL NIE			

Totaal: 100 punte